education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## MODEL 2008

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Leesbegrip (VRAAG 1)

   AFDELING B: Opsomming (VRAAG 2)

   AFDELING C: Taal (VRAAG 3)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die MIDDEL van die bladsy.

6. Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: KOERANTARTIKEL, TYDSKRIFARTIKEL EN ADVERTENSIE

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

**TE VEEL OLIFANTE**

1. Daar is min dinge so hartverskeurend vir 'n diereliefhebber soos 'n trop olifante wat paniekbevange trompetter en deur ruie bos wegbreek van die gebulder van groot-kalibergewere wat hulle afmaai: bulle, koeie én kalwers.

2. Dit is tonele wat hulle waarskynlik binnekort weer in die Krugerwildtuin, Mapungubwe en die Addo-olifantpark kan afspeel. Uitdunning is die afgelope week vir die eerste keer sedert 1994 voorsien in 'n konsep oor norme en standaarde vir die bestuur van olifante. Mnr. Marthinus van Schalkwyk, Minister van Omgewingsake en Toerisme, het met die bekendstelling van dié bestuursplan die versekering gegee dat geen besluit oor uitdunning ligtelik geneem sal word nie. Die publiek het sestig dae om op die voorstelle te reageer.

3. In 1994 is die skiet van olifante gestaak weens enorme internasionale druk op Suid-Afrika. Sedertdien het min verander en bewaringsowerhede kan hulle maar regmaak vir hewige, selfs histeriese teenkanting plaaslik en in die buiteland.

4. Die pynlike werklikheid is dat olifantgetalle sedert die moratorium ontplof het. Daarby kon voorbehoedmiddels en verskuiwings nié die olifante se aanwas genoegsaam beperk nie. Suid-Afrika kan nie soos elders in Suider-Afrika toelaat dat olifante kosbare ekostelsels snuif trap tot maanlandskappe waar net boomstompe oor is nie.

5. Alle moontlikhede moet uitgeput word voordat uitdunning begin, maar uiteindelik moet die belange van die olifante in balans gebring word met die res van die ekostelsel.

[Uit: *Rapport,* 3 Maart 2007]

1.1 Skryf TWEE woorde uit paragraaf 1 neer wat aandui dat die skrywer baie simpatie met die olifante het. (2)

1.2 Watter impak het die beklemtoning van *én* in 'én kalwers' (paragraaf 1) op die betekenis van die sin? Antwoord in 'n volsin. (1)

1.3 '… geen besluit oor uitdunning ligtelik geneem sal word nie.' (paragraaf 2) Verklaar die aanhaling in 'n volsin in jou eie woorde. (1)

1.4 'In 1994 is die skiet van olifante gestaak weens enorme internasionale druk op Suid-Afrika.' Watter reaksie verwag die skrywer oor Suid-Afrika se besluit om weer olifante uit te dun? (1)

1.5 Noem enige poging wat aangewend word om te keer dat die olifante te vinnig aanteel. Gee slegs EEN woord. (1)

1.6 Waarom is die skrywer uiteindelik ten gunste van die uitdunning van olifante? Antwoord in 'n volsin in jou eie woorde. (1)

1.7 '… sedert die moratorium …' Wat beteken *moratorium* in hierdie konteks? (1)

1.8 Wat word geïmpliseer met ' … ekostelsels snuif trap tot maanlandskappe …'? (paragraaf 4) (1)

1.9 Stem jy saam met die gevolgtrekking waartoe die skrywer in die slotparagraaf kom? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS 2**

**DIE KRUIWA AS OEFENFIETS**

In die oefenwêreld is dit geite, giere en foefies net waar jy kyk.

1. Niemand stry dat Madonna en Gwyneth Paltrow se Ashtanga-jogi waarskynlik met sy hakskene teen sy agterkop kan vryf nie, maar in die wêreld van fiksheid is joga min of meer so opwindend soos 'n sweterige sokkie.

2. Madonna is miskien deel van die glitterati, maar duidelik nie van die fitterati nie. Laasgenoemde is net so modebewus oor die wyse waarop hulle fiks bly as oor die klere wat hulle dra om hul vietse lyfies te vertoon. Die fitterati sal ewe min in 'n outydse *step*- of *spinning-klas* gesien word as wat hulle 'n pienk lyfkous uit die tagtigs sal dra. In hul kringe is joga vreeslik ... verby.

3. Die fitterati is altyd op soek na 'n oefengier wat nog meer avant garde is as die vorige. In Engeland en Amerika het dit daartoe gelei dat gimnasiums nou die oefenfietse eenkant toe skuif om plek te maak vir kruiwaens en swaar sakke bousand.

4. In Engeland vorm die sogenaamde *builders workout* nou deel van reeks-oefeninge wat tydens die somer in parke aangebied word. Deelnemers moet sandsakke ronddra en kruiwaens vol sand deur hindernisbane stoot.

5. In Amerika het die sogenaamde CrossFit-oefenprogram, waartydens sandsakke op enige manier behalwe oor die skouer rondgedra word, 'n kultusaanhang.

6. 'n Mens kan nie help om effens skepties te wees nie. Kyk volgende keer as jy verby 'n bouterrein stap na die kêrels wat op die steiers rondklouter – daar is 'n hele paar dikkes onder hulle.

7. Die fitterati sê egter daar is 'n baie goeie rede waarom sandsakke al jare lank in weermagoefenkampe gebruik word. Dit help om krag, stamina, balans en koördinasie te ontwikkel. 'n Fiksheidskenner van Leeds Metropolitan University, Louise Sutton, meen die sandsaksessies is goed omdat dit kleiner spiergroepe teiken wat moeilik bereikbaar is met ander oefenroetines.

8. Ongelukkig is dit ook waar dat dié nuutjie ongewoon is. 'n Joernalis van die Britse koerant *The Guardian* het onlangs geskryf hy raak nou hoogs geïrriteerd met die fitterati wat hygend in Londen se parke met kruiwaens rondstoom. Pleks hulle help om die Wembley-stadion klaar te bou. En as die gier na Suid-Afrika oorwaai, sou 'n mens hoop volgelinge bly uit die gimnasiums en meld, met kruiwaens, sandsakke en al, by die naaste bouterrein aan. Daar is nog baie onvoltooide toringblokke, bouprojekte en stadions. Plus, ons moet nog 'n paar pawiljoene bou vir 2010 se Groot Sokker, dan nie?

[Verwerk uit: *Insig*, Julie 2006]

1.10 Lees weer die subopskrif. Watter voorspelling ten opsigte van die inhoud van die teks kan jy hieruit maak? (1)

1.11 Herlees paragraaf 1 en verduidelik wat 'n *jogi* is. (1)

1.12 '… in die wêreld van fiksheid is joga min of meer so opwindend soos 'n sweterige sokkie.' Is hierdie stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)

1.13 Wat is volgens paragraaf 2 die **onderskeidende** kenmerke van die glitterati en die fitterati? (2)

1.14 Watter oordeel spreek die fitterati volgens paragrawe 1 en 2 oor joga uit? (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer.

Die uitdrukking *avant garde* (paragraaf 3) beteken …

A konserwatief.
B losbandig.
C gevaarlik.
D avontuurlik. (1)

1.16 Waarom is die skrywer skepties oor oefeninge met sandsakke? (1)

1.17 Hoe sê die skrywer kan die sandsaksessies vir Suid-Afrikaanse behoeftes aangepas word? (1)

**EN**

**TEKS 3A**

JOBURG.co.za

**NOWHERE TO GO? KNOW WHERE TO GO!**

**Op die uitkyk vir 'n fantastiese nuwe restaurant?**
**Op soek na 'n plek om die kinders te neem oor die naweek?**
**Het jy oorsese gaste en weet nie waarheen om hulle te neem nie?**

1. Gaan na www.joburg.co.za vir inligting oor enigiets van wonderlike inkopie-uitstappies, buitelugavonture vir adrenalienverslaafdes, ongelooflike aanbiedinge vir akkommodasie en idees oor wat om naweke te doen. As jy boonop moeg is om alewig te verdwaal, sal ons omvattende padkaartafdeling jou help met al die inligting wat jy nodig het.



2. Jy kan ook inteken op www.joburg.co.za se aanlynnuusbrief, wat elke Donderdagoggend gratis aan al ons intekenare gestuur word. Die nuusbrief sal jou op hoogte hou van beplande aktiwiteite en plaaslike gebeure vir die komende naweek, asook die weervoorspelling vir die paar dae wat volg. Terwyl jy op ons webblad rondsnuffel, kan jy vir ons weeklikse kompetisie inskryf en ook ons nuutste boekresensie lees!



1.18 Waarom word die loslit *Joburg* bo 'Johannesburg' in die kop van die advertensie verkies? (1)

1.19 Wat word geadverteer? (1)

1.20 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)

1.21 Gee EEN woord in die advertensie wat die leser wil manipuleer om die webtuiste te besoek. (1)

1.22 Kyk na die subopskrif *'Op die uitkyk …'.* Waarom is hierdie tipografie funksioneel? (1)

1.23 Dink jy die logo van Johannesburg is gepas? Waarom sê jy so? (1)


**EN**

**TEKS 3B**

Op die uitkyk vir 'n
FANTASTIESE
**nuwe restaurant?**
Op soek na 'n plek
om die kinders
te neem oor die
N A W E E K ?
Het jy oorsese
gaste en
**weet nie**
WAARHEEN
om hulle te
neem nie?

JOBURG.co.za

**NOWHERE TO GO? KNOW WHERE TO GO!**



Gaan na www.joburg.co.za om in te teken op ons nuusbrief of skakel 0861 JOBURG vir meer inligting.

1.24 Teks 3B is 'n ander weergawe van die Johannesburg-advertensie. Kyk na beide advertensies en dui die verskille ten opsigte van TWEE van die volgende aspekte aan: ontwerp, plasing en lettergrootte/lettertipe. (2)

1.25 Watter advertensie verkies jy? Motiveer jou antwoord. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees onderstaande profiel van Deon Meyer en voltooi daarna die breinkaart deur dit in jou ANTWOORDEBOEK oor te teken en die besonderhede in volsinne onder elke hofie neer te skryf. Jy mag in totaal nie meer as 80 woorde gebruik nie.

**PROFIEL VAN DEON MEYER**

Deon Meyer is in 1958 in die Paarl gebore. Hy het grootgeword in Klerksdorp, in die goud-myndistrik van Noordwes.

Na sy diensplig en studie aan die Universiteit van Noordwes het hy as verslaggewer by *Die Volksblad* aangesluit. Naas die joernalistiek het hy ook as persverteenwoordiger, kopieskrywer, kreatiewe direkteur, netwerkbestuurder, internetstrateeg en konsultant gewerk. Tans bestuur Meyer sy eie internetmaatskappy; skryf artikels, rubrieke en romans; toer met sy motorfiets en ruim genoeg tyd vir sy gesin in.

Deon het sy eerste boek op veertienjarige ouderdom geskryf. Hy het sy twee broers omgekoop om dit te lees. Hulle was nie beïndruk nie! In 1994 het hy sy eerste Afrikaanse roman gepubliseer. In 2001 is hy aangewys as die ATKV se prosapryswenner met sy spanningsroman *Orion.* Hy het hierdie prosaprys in 2003 ook met *Proteus* verower.

Hy skryf elke oggend voor werk van vyf- tot sewe-uur. Hy skryf ook net op weeksdae. 'Dis deel van my,' sê hy. Volgens hom is dit 'n oerdrang om kreatief te wees.


Al sy prosawerke is in verskeie tale vertaal. Die tale sluit onder andere in: Duits, Engels, Nederlands, Italiaans, Frans, Spaans, Tsjeggies en Bulgaars. 'Die Europeërs vind die karakters en ons landskappe baie eksoties.'

Hy is ook besonder georganiseerd en doelgerig. Hy is 'n motorfietsfanatikus en besit 'n BMW GS1150. Sy ander passies, naas sy vrou Anita en hulle vier kinders, sluit lees, kosmaak en rugby in. Hy is 'n lojale ondersteuner van die nasionale Springbokspan en 'n vurige aanhanger van die Vrystaatse provinsiale span – die Cheetahs!

Daar is gerugte van samewerking tussen Meyer en Hollywood. 'Dit klink meer indrukwekkend as wat dit is,' sê hy. 'Die rolprentbedryf is vol warm lug en grootpratery, glo my. Ja, 'n Amerikaanse vervaardiger het 'n opsie op die rolprentregte vir *Feniks,* maar dit is net 'n opsie.'

[Verwerk uit: www.deonmeyer.co.za]

**BREINKAART**




**TOTAAL AFDELING B**: **10**

## AFDELING C: TAAL

**VRAAG 3**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae.

**OSCAR DROOM STEEDS OOR SPELE IN BEIJING MAAR DIT HANG IN LUG**




1. Oscar Pistorius sal binne die volgende vyf maande weet of hy aanstaande jaar sy Olimpiese droom kan waar maak.

2. Dié 20-jarige paralimpiese ster het Saterdag in Durban die toeskouers op hul voete gehad toe hy die silwermedalje in die 400 m op die senior nasionale atletiekbyeenkoms gewen het.

3. Albei Pistorius se bene is by sy knieë afgesit. Hy hou 'n hele paar paralimpiese wêreldrekords, maar sy groot droom is om in 2008 in Beijing aan die "gewone" Olimpiese Spele deel te neem.

4. Dit lyk egter asof dié droom aan 'n dun draadjie hang. Die Internasionale Amateur Atletiekfederasie (IAAF) en die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) bespreek tans sy moontlike deelname.

5. Talle atlete en afrigters glo Pistorius se kunsbene gee hom 'n onregverdige voordeel op ander atlete, maar hy stem nie saam nie.

6. Hy spartel gewoonlik om aan die gang te kom in die 400 m en dis eers oor die laaste 150 m dat hy met (verbyster) vaartversnelling sy teenstanders inhaal.

7. Pistorius het gesê hy hoop om vroeg in Augustus goeie nuus van die IAAF te kry.

8. "Die IAAF bestudeer my geval en ek sal eersdaags uitvind wat hulle besluit het," sê Pistorius.

9. "Ek sal nie later vanjaar op die Wêreldbyeenkoms in Japan kan deelneem nie, want die reëlings word eers in Januarie aanstaande jaar bekragtig. Ek mik steeds Beijing toe."

10. Pistorius, wie se tyd van 46,56 s net-net stadiger was as sy Noord-Gauteng-spanmaat Jan Van der Merwe se wentyd van 46,31 s, is na die tyd oorval deur toeskouers wat hom gelukgewens het en sy handtekening wou hê. Selfs die veiligheidswagte by die byeenkoms het nader gestaan om die merkwaardige atleet 'n klop op die skouer te gee.

11. Linda Ferns, Atletiek Suid-Afrika se hoofbestuurder, sê ASA het reeds aan die begin van die jaar 'n versoek namens Pistorius aan die IAAF se tegniese kommitee gestuur.

12. "Dit sal natuurlik wonderlik wees as hy op die Spele kan deelneem, selfs al wen hy dalk nie 'n medalje nie. In Oscar se geval gaan dit oor meer as wen. Ons sal egter moet aanvaar wat die IAAF en die IOK besluit, want reëls is reëls," sê Ferns.

[Verwerk uit: *Beeld*, 20 Maart 2007]

3.1 Verklaar die uitdrukking 'maar dit hang in lug' in die subtitel in jou eie woorde. (1)

3.2 Gee EEN woord vir die frase '… waar maak …'. (paragraaf 1) (1)

3.3 In paragraaf 2 word die frase *paralimpiese ster* gebruik. Kyk na die foto en lei af wat dié frase beteken. (1)

3.4 Wat word die inwoners van Durban (paragraaf 2) genoem? Gee die persoonsnaam. (1)

3.5 Skryf die enkelvoudsvorm van *knieë* neer. (paragraaf 3) (1)

3.6 Waarom het die skrywer 'gewone' (paragraaf 3) tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

3.7 Gebruik die homoniem van *lyk* (paragraaf 4) in 'n verklarende sin. (1)

3.8 In paragraaf 5 word 'n verkeerde voorsetsel gebruik. Skryf die korrekte voorsetsel neer. (1)

3.9 Gee die korrekte onvoltooide deelwoord van *verbyster* in paragraaf 6. (1)

3.10 Vervang die emotiewe woord *spartel* in paragraaf 6 met 'n neutrale woord. (1)

3.11 Skryf Pistorius se woorde in paragraaf 8 in die indirekte rede. (1)

3.12 Die woord *reëlings* word dikwels met die woord *relings* verwar. Maak 'n verduidelikende sin met die woord *relings* sodat die betekenis daarvan duidelik is. (1)

3.13 *Jan Van der Merwe* (paragraaf 10) bevat 'n spelfout. Skryf die frase korrek neer. (1)

3.14 Die toeskouers wou Pistorius se handtekening hê. Gee die verkleining van die woord *handtekening*. (1)

3.15 Waarvoor staan die afkorting '*s*' in paragraaf 10? (1)

3.16 Verduidelik die uitdrukking '… 'n klop op die skouer …'. (paragaaf 10) (1)

3.17 In paragraaf 11 is 'n spelfout begaan. Skryf die woord korrek oor. (1)

3.18 Verskeie akuuttekens word in die teks gebruik. Herskryf 'n woord in paragraaf 12 met die nodige klemteken(s) om aan te dui dat dit vir Oscar nie net om wen gaan nie. (1)

**EN**

**Moeilike keuses**

Kaaskoek of vrugteslaai? Natuurlik klink dit bekend! Hoekom is die kilojoule-belaaide porsie altyd die lekkerste? Dis asof hy sê: "Eet my asseblief" en spyt kom reeds as jy die parmantige stukkietjie room van jou bolip afvee. Maar dan is dit lankal neusie verby. Jy kan natuurlik gaan oefen tot jou tong op die grond lê om van die skuld/kilojoules ontslae te raak. Of jy kan die ander uitweg kies gooi die kilojoule-sakrekenaar weg en verlustig jou na hartelus aan wat ook al jou wieletjie laat draai en jou groottoon laat omkrul. Om met 'n skaal onder die arm te loop, is vir my een "kilojoule" te veel. En nee, die gevolg is nie 'n gewaarborgde oorgewig lyf nie, maar 'n gewaarborgde glimlag op die suikertand se gesig. Gaan swoeg maar in die gimnasium as dit is wat jou wieletjie laat draai, maar my tone krul kilojoules toe!

Marietjie Fick
Port Elizabeth

[Uit: *dit*, Maart 2004]

3.19 Dis asof hy sê: "Eet my asseblief."
Wat is die funksie van die direkte rede in reël 2 – 3? (1)

3.20 Verduidelik hoe die woord *stukkietjie* (reël 3) met behulp van toutologie gevorm is. (1)

3.21 In reël 6 ontbreek 'n leesteken. Skryf die frase neer met die leesteken op die korrekte plek. (1)

3.22 Watter neutrale woord kan in die plek van *verlustig ... aan* (reël 7) gebruik word? (1)

3.23 Wat bedoel die skrywer met die uitdrukking ' ... wat ook al jou wieletjie laat draai … '? (reël 7 – 8) (1)

**EN**


Kopiereg voorbehou




[*Die Burger*, 11 November 2006]

3.24 Verbeter die ontkenningsfout in die sin: 'Moenie verbaas wees as ek nie vandag goed speel.' (raam 1) (1)

3.25 Verduidelik die denotasie en konnotasie van *verroes* in raam 2. (2)




[*Die Burger,* 4 Oktober 2006]

3.26 Gee die intensiewe vorm van *koud* in raam 1. (1)

3.27 Skryf die sinsdeel '… jy sal dalk die slaapsak wil gebruik' in raam 1 in die gebiedende wyse oor. (1)

3.28 Van watter werkwoord is die selfstandige naamwoord 'gedagte' (raam 2) afgelei? (1)

3.29 Gee 'n antoniem vir *nutteloos* in raam 2. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**